

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 44

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Uitkoms

Nee, dit lyk sleg. Ons kan minstens in die volgende twee weke geen reën verwag nie. Die wind het gedraai en bowendien is die voggehalte ook nog laag.

Hy staan op, pak sy boeke in en stap na die deur. Dan kyk hy na die lug. Slegs 'n paar los vlieswolkies breek die egalige blou van die hemel. Sy oë dwaal oor die verskroeiende aarde en 'n weemoedigheid styg in hom op. Hy stap na buite.

Die strate is stil. Dit lyk asof almal wegvlug voor die droogte en hitte wat hulle oorval. Die weemoedigheid in hom gaan oor in opstand. Waarom, dink hy. Juis nou in die tyd waarin ons so baie voorspoed beleef, nou kom die droogte en verwoes alles, maar dit sal ons nie onderkry nie! Die mens word magtig, hy oorbrug alles met sy verstand. Eendag sal die mens ook *die* meester van *die* natuur word. Dan sal ons reën maak wanneer ons dit nodig het. Ja, ons sal nie meer lank die slagoffer van die natuur wees nie.

Verlangs hoor hy die slae van 'n kerkklok. Nouliks kan hy sy glimlag onderdruk. Hoe kan 'n mens vandag nog in 'n God glo? Dit is tog iets wat tuis hoort in die dae van die Romeine. Vandag is die mens sy eie god. Laat hulle maar bid om reën. Almal weet tog dat dit nie nou kan reën nie, want die wind waai nie reg nie.

Dit is reeds donker toe hy terugstap. Skielik gaan hy staan. Deur die venster van 'n verligte vertrek sien hy 'n paar mense om 'n tafel sit. Hulle bid. Daar hoor hy hulle sing:

"Leer my Heer, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o Heer!
U is ek altyd te wagte! "

Hy wil verder beweeg, maar hy kan nie. Ontroer bly hy staan. Hy voel onseker en hy word bang. 'n Donderende slag laat hom op sy knieë neersak. Nou eers sien hy die swaar onweerswolke wat oor hom hang. 'n Ligflits laat hom nog verder ineenkrimp. Die eerste druppels plof neer. Hy spring op en begin hardloop... doelloos... rigtingloos, want hy ken God nie. Nog 'n slag ruk hom van sy voete. Smekend kyk hy deur die trane na bowe. Hy kruip verder. Hy voel klein en nietig. Bang gaan hy lê. Hy is verward... hy voel die drang na lig. Dan begin by bid:

"Wil my deur U waarheid leer,
lei my dwalende gedagte... "

En toe hy weer sy oë oopmaak, reën dit...

Koos Vorster.

My attestaat lê in Vergelegen

'n Mens kan dit begryp dat dit geen maklike taak is om met 'n vrou en vier kinders sonder 'n inkomste te lewe nie. Dit is wat met Piet Minnaar gebeur het. Verlede maand het die firma waar hy gewerk het, bankrot gespeel, maar net gister het hy vir 'n nuwe betrekking aansoek gedoen. As hy vandag die getuigskrif kan inhandig, is die werk sekerlik syne!

Ek ken hom nie. Vanmôre het ek hom vir die eerste keer gesien. Op sy vraag wie sy predikant is, antwoord hy tot my verbasing dat dit ek is! Sy attestaat lê egter nog in Vergelegen.

Gedagtig aan 'n siek, afgesloofde vroujie met vier honger kindertjies om haar (hul geld is ook nou gedaan) het ek begin bel. 'n Mens wil so graag help. As 'n mens tog maar net 'n paar woordjies op papier aan die man kan gee! Dit was 'n blou Maandag. Nadat ek met groot moeite vir die tweede keer by Vergelegen uitkom, vertel die oudste ouderling my dat Piet, kort na sy troue, ongeveer tien jaar gelede van Vergelegen weg is. Hulle weet niks meer van hom nie. Hy het buitendien daarvandaan asof in die niet verdwyn.

Piet beweer dat hy wel goeie redes gehad het. Die klomp was so bemoeisiek en slegs met die grootste moeite kon hy sy vrou "aangeneem" kry. Buitendien, die klomp daar is almal skynheilig. Hulle knyp gedurig die kat in die donker en kom preek dan met 'n vroom gesig vir jou! Hulle was — om dit soos Piet te stel — dik vir die kerk. Maar sy verleë kommentaar oor my eerste sarsie verwarde vrae bly tergend in my ore klink: "Ja-nee, dominee, 'n mens kan darem nie sonder jou kerk klaarkom nie. Daar kom 'n dag wat 'n mens dit weer nodig kry".

Wat mense soos Piet nie wil besef nie, is dat die kerk nie net huwelike wil bevestig, kindertjies doop (as dit kan) en begrafnisse organiseer en getuigskrifte uitskryf nie, maar graag baie meer wil doen! Die kerk is nie 'n onderlinge hulpgenootskap nie. Die kerk wil graag die hele ryke boodskap van Jesus Christus aan die mense bring—ook aan mense soos Piet en sy gesin. Die kerk wil nie maar net help om die wolf van die deur te hou nie, maar wil deur die genade van God tot diens wees in 'n baie groter stryd teen die bose self. Die kerk van Jesus Christus— en elke lidmaat—moet tog soos 'n lig in 'n donker wêreld skyn.

Dit is 'n kwessie van lewe en dood. Christus is besig om vir Hom 'n volk te berei, terwyl die groot magtige wêreld, met sy miljoene inwoners stadig besig is om in die dieptes van wanhoop en ondergang weg te sink. Jesus self het gesê: Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is... "

Getuigskrifte! God bied baie meer as dit. Hy gee ons weer doel en rigting in die lewe. Hy beskerm en bewaar ons terwyl ons omswarm is deur soveel gevare. Hy doen dit ook vir ons kinders. *Die Here versorg ons in al ons behoeftes.* Hy bied al sy liefde.

Maar die Here vra ook. Hy vra nie die mooi beloftes wat Piet so mildelik, verskonend en ywerig aan my gemaak het nie. Hy vra nie 'n uitwendige, formele dankbetuiging sonder enige gevoel nie. Hy vra nie dat ons soos 'n skynheilige fariseër moet lewe nie. Hy vra die hele mens: Piet, sy vrou en sy kinders. Hy vra onverdeelde liefde. Hy vra eerlike dankbaarheid.

Die kerk is die middel in Gods hand waarlangs ons nie net getuigskrifte en allerhande liefdesblykies deelagtig word nie, maar die volle liefde van God self.

A. P. C. D.

HEMELVAART

*Die laagte deur waar die olywe staan,
het hul met Jesus na die berg gegaan;
en daar het Hy, in stilte ongestoord,
tot hul gesprek sy laaste lewenswoord.*

*"Jul wat so na die Godsryk al verlang,
sal nou die kragte van die Gees ontvang,
en oor die wydtes dan van land en see
uit nuwe krag van My getuignis gee."*

*En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar,
geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte waas het Hom geheel oordek,
'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.*

*Terwyl hul smagtend na die hemel kyk
en Jesus altyd verder van hul wyk,
het daar twee manne in wit gewaad kom staan,
die spreek hul met 'n hemelboodskap aan:*

*"O manne, nou vereensaamd en alleen,
wat staan en staar jul na die hemel heen:
Dié Jesus wat gevaar het na omhoog,
sal net so kom, verheerlik voor die oog."*

*En van die berg waar die olywe staan,
het hul met blydschap na die stad gegaan.*

Totius

DIE MODERNE TYD EN GELOOF

In die tyd waarin ons lewe, word dit altyd moeiliker om te glo. Geloof vra immers van ons om vas te hou aan wat ons nie kan sien nie. Vandag is alles egter toegespits op die sigbare en tasbare en die bewysbare. Dit is die gevolg van wetenskaplike ontwikkeling waarin daar gesoek word na bewyse. 'n Resultaat wat bereik word, moet ook positief as waarheid bewys word. Alles is toegespits op die positiewe.

Die mens het met sy wetenskaplike prestasies baie ver gevorder. Dit het natuurlik sy voordele. Die lewe word geriefliker. Arbeidsmetodes en masjinerie is daarop ingestel om die mens die geleentheid te gee om soveel moontlik te vermag in die kortste moontlike tyd. Skriftuurlik gesien is die mens veel beter in staat om sy roeping: "Onderwerp die aarde..." uit te voer, want hy kan dit beter en vinniger as vroeër doen.

Tog... dit het ook sy nadele en die grootste nadeel is dat dit ongeloof in die hand werk; ongeloof, omdat die mens, soos reeds genoem, daaraan gewoon raak om vas te hou aan die tasbare. 'n Voorbeeld wat dit kan illustreer: ons heg dikwels baie meer waarde aan die invloed van lugstrome, satelliete, atoomontploffings, ens. op die weerstoestande as die Woord van God: "... sal Ek julle reëns gee op die regte tyd..." (Lev. 26:4).

Die wetenskaplike ontwikkeling werk ook ongeloof in die hand deurdat dit die mens onafhanklik laat voel. Sy oë is meer gerig op die kontroles van sy masjien wat hom tot ongelooflike dinge in staat stel, as op God. In plaas van om te bid, hoef hy net 'n knoppie te druk. In plaas van om te bid, hoef hy net 'n vuurpyl op te stuur.

Die moderne mens het God nie meer nodig nie. Nog net af en toe, wanneer hy al sy wetenskaplike kennis en masjinerie probeer het, en dit help nog nie, dan bid hy. Maar sulke gevalle word al minder en ons moet maar net geduld gebruik. Amerikaanse of Russiese wetenskaplikes sal wel die een of ander tyd daarvoor ook nog 'n wondermasjien uitvind.

Die eeu van die masjien!

Die eeu sonder God!

Ons het God al minder nodig.

Ongeloof!

Geloof in myself!

God sê: "Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie."

(Spr. 3:5), want: "Die mens — soos gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy." (Ps. 103:15).

Die mens mag in die toekoms nog veel presteer, hy mag nog altyd meer onder die indruk kom van sy skynbaar eie vermoë om op die aarde vir homself 'n paradys te maak, maar hy moet weet: "... as die asem van die Here daarin blaas..."

Daarom: Geloof! — die enigste moontlikheid om in die regte houding tot God te staan, die enigste basis waarop ware gemeenskap met God moontlik is en die enigste weg waarlangs die mens, al sy eie prestasies ten spyte, gered kan word!

P. J. W. S. v/d Westhuizen.

U IS MET MY

Hoe dikwels hoor ons van eensame mense. Selfs u is dalk een van die eensaamste mense ter wêreld. Soms verkeer ons in geselskap van vriende, familielede of kollegas, maar daardie gevoel van ... ek is uitgesluit... niemand het my lief nie... byt alewig aan ons verstand.

Ook weet ons dat bejaardes verskriklik van menslike liefde afgeskeep word. Ja, ons ou mense is eensaam. Hoe verlang ons dan nie na iets om daardie leë plekkie te vul nie. Van selfbejammering en teleurstelling in ons medemens is ons geneig om diep in ons doppe te kruip en so word daardie leë plekkie dan nooit gevul nie.

As u dink dat u eensaam en verstoot is, vergeet gerus daarvan, want as u maar net wil besef dat God sy liefde nie terug hou nie en dat ons in Hom 'n getroue, wonderbare vriend het. Ons lees in Johannes 15 vers 9: "Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My." Bewys hierdie vers nie vir ons dat ons nie alleen staan nie? Liefde is daar vir ons om te neem.

Psalm 139 vers 17 vertel ons hoe kosbaar God se gedagtes vir ons is. Is dit nie 'n wonderlike voorreg om ons Almagtige God se gedagtes te kan deel nie? Die kerkdeure staan oop vir ons. Kom ons stap daardeur; 'n Bybel in ons hand; 'n Bybel op die kansel; 'n soeklig in ons harte en 'n versekering dat ons dierbare Here Jesus Christus ons elkeen met die heerlike liefde van God ons almagtige Vader, sal omring.

Ons is soms alleen wanneer ons self ons eensaamheid verwek deur ons eie hardkoppigheid, maar hoe kan ons dan alleen wees, want God is met ons.

Laat die vrede van God waartoe ons ook in een liggaam geroep is, in ons harte heers en laat ons dankbaar wees.

M.D.

PINKSTER

*Toe kom daar haastig 'n geluid
wat aanblaas uit die hemel uit:
'n rukwind wat met stormgedruis
daarheen vaar, vul die ganse huis.*

*Hul sien — dit was 'n wonderuur —
verdeelde tonge soos van vuur,
deurgloed en wonderbaar deurstraal
wat glansend op hul hoof kom daal.*

*Toe was dit op die dag van fees,
dat hul vervul is met die Gees.
In loftaal het hul uitgebreek
net soos die Gees dit uit laat spreek.*

*Dit is die saak wat die profeet
aan ons verkondig en laat weet:
Die laaste tyd, dan sal dit wees
dat Ek sal uitgiet van my Gees.*

*Dan stort Ek met 'n groot geluid
die Gees se reënstrale uit,
jul seuns en dogters, dan nie meer
van spraak ontbloot, sal profeteer.*

*Jul kinders, uitsiend op die wag,
sal vergesigte sien by dag:
jul grysaards, in hul krag al loom,
die allerskoonste drome droom.*

*Ook op die knegte en maagde, vry
om My hul dienswerk toe te wy,
stort Ek my Gees in mildheid neer,
en almal sal hul profeteer.*

*'k Sal wonders in die hemel gee,
op aarde tekens van die wee
wat oor die mensheid heen sal kom,
bloedplas en vuur en rookkolom.*

*Die dag sal kom deurlugtig groot,
maar elkeen wat in sielenood
Hom aanroep wat die Redder is,
vind in sy Naam behoudenis.*

Totius.

SY WEET SY IS MOOI

Ek het onlangs gehoor dat 'n persoon van 'n besonder mooi en aantreklike jong dame sê: Sy weet sy is mooi. Die bedoeling was ongetwyfeld dat sy, omdat sy bewus geword het van haar uiterlike skoonheid, trots en hoogmoedig geword het. So 'n gesindheid moet natuurlik ten sterkste afgekeur word. Dit wek ook feitlik vanself 'n mate van weersin by 'n mens as jy so iets teëkom.

Tog het ek weer nagedink oor die uitspraak: Sy weet sy is mooi. Ek het gewonder. Sou dit dan altyd verkeerd wees as 'n mens bewus is van jou skoonheid — ook jou uiterlike skoonheid? Kan 'n mens nie ook in die regte gesindheid weet dat jy mooi is nie?

In my verbeelding sien ek toe ineens daardie aantreklike jong dame oor wie die smalende opmerking gemaak is. Ek sien haar in haar kamer — alleen voor die spieël. Sy bekyk haarself van alle kante. 'n Oomblik staan sy stil... en dink. Stilletjies loop sy na die deur en sluit dit saggies. Dan kniel sy voor haar bed, plaas haar mooi gesiggie in haar gevoude hande en sê: "O God, ek dank U dat U my so wonderlik mooi gemaak het." Met 'n hart wat vinnig van innige dankbaarheid klop, prewel sy dan die woorde uit Ps. 139: "...Ek loof U omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is al u werke! En my siel weet dit alte goed."

Toe weet ek: dit is ook goed, ja baie nodig dat 'n mens terdeë daarvan bewus moet wees as aan jou 'n besondere uiterlike skoonheid toebedeel is, maar dan moet jy dit reg sien. Jy moet die skoonheid sien as 'n genadegawe van die almagtige en alwyse God.

Daarvoor moet jy God *dank*, maar jy moet Hom ook *bid* om jou te bewaar dat jy nooit daardie skoonheid in diens van die sonde sal gebruik nie.

Verder moet jy onthou dat daar 'n skoonheid is wat veel groter, mooier en heerliker as uiterlike skoonheid is. Dit is *innerlike skoonheid*. Dit moet jy *soek* en jy kan dit alleen werklik deelagtig word deur 'n ware geloof in Jesus Christus.

Dit is hierdie skoonheid wat Petrus op die oog het as hy skryf: "Julle versiering moet nie uiterlik wees nie; haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart is die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God." (I Petr. 3:3, 4).

P. J. de Bruyn.

GEBED

Almagtige God!

Uit genade het U ons die weg gewys waarop ons nie verkeerd kan uitkom as ons U volg nie.

Help ons daarom dat ons U graag sal volg — bereid om te leer en te gehoorsaam.

Laat ons slegs handel na u wil wat U ons bekend gemaak het.

Gee dat ons nie na links of regs sal afwyk nie, maar dat ons sal vashou aan u diens soos U dit in u Woord beveel.

Dan kan ons voor die wêreld en voor U en u engele betuig dat ons U in gehoorsaamheid gevolg het.

Gee dat ons op niks van onself sal steun nie, maar met 'n stille gees U alleen sal dien en soek, Gee dat ons ons geheel aan U sal onderwerp totdat ons eindelijk ons lewensloop in gehoorsaamheid en geregtigheid ten einde gebring en die salige rus ingaan wat u Seun vir ons met sy eie bloed verwerf het.

Amen.